**Woensdag Brief 26 Augustus 2020**

Bun Booyens, voorheen redakteur en stigter van die *Weg*-tydskrif en ook van *Die Burger*, verwys in 'n meningstuk onlangs in *Die Burger* na die boek *The Moral Basis of a Backward Society* van Edward Banfield om 'n spesifieke menslike neiging te belig. Banfield het die boek geskryf na aanleiding van sy waarnemings tydens 'n nege maande lange verblyf in 1954 in 'n klein Italiaanse dorpie. Die dorpie was redelik agterlik en nog erger dat daar geen begeerte onder die inwoners was om die situasie te verbeter nie. Banfield was 'n politieke wetenskaplike en hy het probeer om agter die kap van die byl te kom hoekom die dorpie dan so agterlik bly. Die basiese probleem was die oorheersende drif om die baie sterk en enge familie-hegtings te bewaar en die totale afwesigheid van enige mate van 'n algemene openbare welstand. Elke uitgebreide familie was net vir homself en basta enige iets anders. Dit het gelei na nepotisme, faksies, wraak en rampokkery.

Bun Booyens trek 'n lyn deur van Banfield se boek na die regering van die dag. Insiggewend beslis. Gelukkig is Calitzdorp nie so 'n gemeenskap nie, maar ek ken sulke probleemareas op vele plekke in Afrika. Maar dit het my gedagtes laat loop na my eie verhaal en belewing van lees. Een van my gunsteling boeke is *The Greek Passion* van Nikos Kazantzakis. Hoewel die storie gaan oor veel meer intriges as dit, staan vir my uit hoe die persone in 'n kleinerige Griekse dorpie wat die rolle vervul in hulle Passiespel se persoonlikhede in die gewone lewe begin verander om te word soos die karakter wat hulle vertolk het. Die aanduiding is duidelik: Jy word meer en meer wat jy na-aap.

As jy die Midde-Oosterse spanning wil verstaan gaan dit jou baie meer baat om die boeke van Leon Uris *The Haj* en *Exodus* te lees. Nie net word die konteks en nuanses van die gebeure gebied nie, maar dit word ingekleur in 'n storie met karakters wat min of meer alle insigte en emosie vertolk. Geskiedenis boeke kan dit nie sommer bied nie. Konteks en wysheid en deernis kom veel beter deur in stories as deur geskiedenisboeke. Net so baat dit meer om FA Venter se Trekker-tetralogie reeks *Offerland*, *Geknelde Land*, *Bedoelde Land* en *Gelofteland* te lees as jy regtig wil verstaan hoe dit was en die hoekoms en waaroms. Dit word nie verniet histories-korrekte fiksie genoem nie.

Ons buurman skuins oorkant waar ek grootgeword het, was die hoofbestuurder van Nasionale Pers toendertyd. Hy het elke dag van vyfuur af sy *Die Burger* gelees woord vir woord en bladsy vir bladsy en met 'n rooi pen korreksies aangebring wat sekerlik elke dag aan die redaksie gelewer was. So het ons gehoor, maar dit het ons nie veel geraak nie. Dit het ons wel geraak dat sy kinders en ons vriende elke dag verplig was om vir ten minste 'n uur een of ander storieboek te moes lees. Dit was 'n pyn want ons moes op hulle wag om die span vol te maak om raakrugby te speel. Maar soos met baie mense word lees lekkerder as rugby soos ons ouer en wyser word.

Ons het ook elke jaar op twee plekke gaan vakansie hou – twee weke by elk. Die een was by Onrus neffens Hermanus en die ander neffens die Winterhoek Wildernis Gebied na die Kouebokkeveld se kant. In albei die vakansiehuise was daar rakke vol storieboeke wat ons as kinders mettertyd begin verslind het. Daar het ek Frans Venter se boeke begin lees en Leon Uris s'n en *The Greek Passion* en verslaaf geraak aan lees. As natuurbewaarder en alleenloper en meesal iewers in die boendoes van Namibië het ek vele aande omgekry met lees oor ekologie en veral die geskiedkundige boeke oor bewaring in die ou Suidwes-Afrika – onder meer die boeke oor die ontstaan en bedryf van die Etosha wildtuin.

Mettertyd het gedigte-lees bygekom en die Bybel en wetenskaplike boeke. Nog 'n lekkerte van lees wat bygekom het en wel so vandat ek predikant geword het, is die gedenk- en fees boeke van gemeentes en selfs dorpe as hulle byvoorbeeld 'n 100ste bestaansjaar vier. 'n Goeie vriend van my,

dr. Gerdie van der Merwe, het as geskiedkundige die belangstelling oor gedenkboeke verder wakker gemaak – hy het by laaste telling byna al 40 sulke gedenk-bundels vir gemeentes saamgestel. Die NG Gemeente Calitzdorp het ook so 'n boek wat baie lekker leesstof bied vir ou en nuwe inwoners van die omgewing.

Oor 'n jaar of wat gaan die gemeente sy 150ste bestaansjaar vier en het die kerkraad reeds ingestem daar weer 'n gedenkboek saamgestel moet word. Die saamstel van so 'n feesbundel neem heelwat tyd en daar sal binnekort begin word met die proses. Lidmate wat stories oor die gemeente te vertel het en/of interessante en toepaslike foto's het, kan dit gerus aanbied vir moontlike gebruik in dié fees boek. As daar enige iemand is wat meer direk betrokke wil raak in die proses om die feesbundel saam te stel, kan hulle gerus met my skakel. Waarvan ek seker is, is dat Calitzdorp en die gemeente se storie hand aan hand loop en dat daar vele lekker leesstof te vinde is in die saamloop.

Mooiloop tot volgende keer.